

## Gereformeerde Kerk Bellville – 18 Februarie 2018 – Aand

### Sing vooraf staande: Psalm 19:4, 5 (p. 83)

- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;  
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.  
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;  
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.
- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.  
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.  
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;  
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

### Loflied: Psalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;  
sy regterhand, vol sterkte<sup>en</sup> ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.  
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;  
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale<sup>en</sup> oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;  
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.  
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!  
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

### Gebed

#### Psalm 86:2, 6 (p. 431)

- 2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,  
want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.  
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde<sup>en</sup> vreugdesange;  
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

**Skriflesing:** Handeling 11:19-30; 12:25-13:3

**Kernverse:** Handeling 11:26b

**En die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem.**  
(Handeling 11:26b AFR53)

**Tema:** Om 'n Christen genoem te word

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, mense hou daarvan om vir mekaar byname te gee. Sulke byname is baie maal mooi beskrywend en soms is dit ook nogal humoristies. Kinders gee graag snaakse byname aan hulle onderwysers. So 'n bynaam kan vir geslagte bly vas-steek. In 'n vorige gemeente waar baie lidmate wat familie van mekaar was en 'n

hele klompie lidmate met dieselfde noemnaam – Dirk. Daarom is hulle onderskei deur te praat van Lang Dirk, Klein Dirk en Mooi Dirk.

Alle byname is nie altyd so mooi of met 'n goeie gesindheid gegee nie. Alle mense is ook nie gelukkig om 'n bynaam te kry nie. In baie gevalle word daar 'n bynaam vir iemand gegee omdat mense met hom spot. So was die naam Dopper baie jare gelede 'n spotnaam wanneer daar van die Gereformeerde lidmate gepraat is. Daar is baie verklarings vir die herkoms van die naam Dopper. Wat egter baie jare gelede 'n spotnaam was en waaroor mense seker ook kwaad geword het, is vandag 'n naam wat met trots gedra word. Vir Gereformeerdes is die naam Dopper 'n naam wat hulle met waardigheid dra.

In ons Skrifgedeelte kry ons ook met so 'n bynaam te doen. Dit was in die beginjare van die gemeente in Antiochië se bestaan dat die dissipels vir die eerste keer Christene genoem is. Soos met die ontstaan van sovele byname skryf Lukas ook nie wie het begin om die dissipels Christene te noem nie. Uit die konteks kan ons aanvaar dat die naam waarskynlik as 'n spotnaam gebruik is. Die heidene het moontlik na die dissipels verwys as Christene omdat hulle blykbaar oor niks anders wou praat nie as oor Christus. Dit is ook moontlik dat hierdie naam nie eintlik as 'n spotnaam gebruik is nie. Die heidene het die dissipels Christene genoem om hulle van ander godsdienstige groepe te onderskei.

Broers, susters en kinders, in ons Skrifgedeeltes gee die Heilige Gees vir ons aanduidings hoekom die dissipels Christene genoem is. Maar voordat ons na daardie aanduidings kyk, is dit tog raadsaam om te sien waar dit gebeur het. In Handeling 11:19 keer Lukas terug na die verdrukking wat ontstaan het na die gruwelike dood van Stefanus. Hierdie verdrukking het daartoe gelei dat die dissipels – dit is die gelowiges wat in Christus geglo het – moes vlug. Aanvanklik het dit geklink asof die gelowiges net tot in Judea en Samaria gevlug het (Hand 8:1). Maar nou hoor ons dat hulle baie verder gevlug het – tot in Fenicië, Ciprus en Antiochië.

Hierdie gelowige vlugteling was Jode en hulle het aanvanklik die evangelie net aan ander Jode verkondig. Die Griekssprekendes – dit wil sê die heidene – het eers die evangelie van Jesus Christus gehoor toe die gelowiges uit Ciprus en Cirene die evangelie aan hulle verkondig het. En onder die hand van die Here het 'n groot getal van die mense in Antiochië gelowig geword.

Die stad Antiochië was teen hierdie tyd al by die drie honderd jaar oud. Naas Rome en Alexandrië was Antiochië die derde grootste stad van destyds met 'n inwonertal van tussen 500 000 en 800 000 mense. Antiochië is 480 km noord van Jerusalem en 32 km van die Middellandse See af op die oewer van die Orontesrivier. Hierdie stad was bekend vir sy handel, gesofistikeerdheid en kultuur maar berug vir 'n sedelose lewenstyl. Net buite die stad was daar 'n tempel vir die afgode Artemis en Apollo waar tempelprostitusie deel uitgemaak het van die afgodery. Antiochië se sedeloosheid was so berug dat 'n Romeinse skrywer by geleentheid gesê het dat die Orontes se waters die water van die Tiberrivier by Rome besoedel. As 'n handelstad was Antiochië 'n kosmopolitaanse mengelmoes van mense.

Dit was in hierdie stad met 'n mengelmoes van inwoners met 'n mengelmoes van godsdienste dat die gelowiges wat Jesus Christus as hulle Verlosser erken en bely het vir die eerste keer Christene genoem is. Mense buitekant die kerk het raakgesien dat daar 'n duidelike onderskeid is tussen mense wat Jesus Christus aanbid en die Jode. Die Christene is dus vir die eerste keer as 'n afsonderlike, identifiseerbare groep erken – hulle

is nie Jode nie, alhoewel baie Christene van Joodse afkoms is, hulle is ook nie heidene nie, want hulle aanbid nie meer afgode nie. Hierdie groep mense het een Here – Jesus Christus – daarom word hulle Christene genoem.

Daar was dus iets aan hierdie dissipels – iets wat opgemerk is aan hulle lewenstyl – wat gemaak het dat hulle die naam Christene gekry het. Of was dit maar net hulle baie gepraat oor Christus wat vir hulle hierdie naam besorg het? Om 'n antwoord op hierdie vraag te kry, moet ons nou gaan kyk na die aanduidings wat die Heilige Gees self vir ons in die teks neergeskryf het.

Ons verneem dat die evangelie van die Here Jesus aan hierdie mense verkondig is. Deur die kragtige werk van die Heilige Gees het 'n groot aantal van die heidene gelowig geword en hulle tot die Here bekeer. En wanneer die Here vir Barnabas na Antiochië bring, hoor ons dat 'n aansienlike skare aan die Here toegebring is. Deur die werk wat Barnabas saam met die ander gelowiges in Antiochië gedoen het, het die Heilige Gees nog baie meer mense tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring.

Dit was dus die eerste kenmerk van hierdie dissipels wat hulle die naam Christene besorg het. Hulle het geglo en bely dat Jesus Christus die enigste Verlosser is. Vir hulle was daar geen ander Naam onder die hemel aan mense gegee waardeur hulle verlos kan word van hulle sondes nie. En dit was nie maar net woordjies wat hulle gepraat het nie. Hulle lewens het 'n radikale en totale omkeer getoon. Die Joodse Christene in Antiochië het insig gekry om te sien dat Jesus die beloofde Christus is en hulle het Hom met hulle hele lewe aangehang. Die heidene het gebreek met 'n sedelose lewe van vroeër – hulle het nie eers meer deelgeneem aan die offers en prostitusie van die afgode nie.

Dit was verseker nie maar net 'n halfhartige wegdraai van die lewe van vroeër nie. In die evangelie het hulle gehoor dat Christus hulle verlos het uit die mag van die sonde. Uit dankbaarheid vir hierdie verlossing het hulle hulleself voorgeneem om aan die Here getrou te bly. Hierdie getrouheid het behels dat hulle nie waaghalsig omgegaan het met die dinge wat hulle weer tot sonde kon verlei nie. Hulle het weggevlug van die sonde af.

Maar wanneer 'n mens wegvlug van iets, gaan jy na iets anders toe. As Christene het hulle die geregtigheid nagejaag. Met vasberadenheid het hulle daarna gestreef om te doen wat reg is in die oë van die Here. Dit was hulle vaste voorneme om onberispelik te lewe, want hulle het nou draers geword van die Naam van hulle Verlosser Jesus Christus. Met hulle hele lewe wil hulle Hom tevrede stel.

Die afleiding wat ons kan maak uit hierdie aanduiding wat die Heilige Gees gee van hierdie dissipels is dat hulle regtig konings in diens van Christus was. Hulle het met 'n vrye gewete teen die sonde en die duivel gestry. In die verlossing wat Christus vir hulle bewerk het, het hulle gesien hoe heilig God werklik is. Hy het sover gegaan om sy Seun te verlaat omdat sy Seun die sonde van mense op Hom geneem het om daarvoor aan die kruis te betaal. Daarom hou hulle vol met die stryd teen die sonde en met blymoedigheid aanvaar hulle die vermaning van Barnabas om aan die Here getrou te bly.

Nog iets wat kenmerkend was vir die dissipels se lewenstyl was hulle liefde vir God en vir hulle naaste sonder om links of regs af te wyk. Die Joodse gelowiges het van kleins af geleer wat die Here sê, en die nuwe bekeerlinge uit die heidene het dit ook nou geleer. In die Ou Testament gee die Here die uitdruklike voorskrif dat die Here God se bevele gehoorsaam moet word en daar mag nie links of regs daarvan afgewyk word nie (Deut

5:32). En in die evangelie hoor hulle dat die gehoorsaamheid van die Here se bevel die bewys is dat hulle God liefhet (Joh 14:15; 15:10).

God se liefde vir hulle is nie halfhartig nie. Hy het sy Seun voluit gegee en Jesus Christus het die volle toorn en oordeel van God in hulle plek gedra. Daarom kan hulle liefde vir God en sy Seun nie halfhartig en sporadies wees nie. Hulle wil hulle daarop toelê om Hom met hulle hele hart en met alles wat hulle is en het lief te hê. Daarom was dit hulle oogmerk om hulle naaste lief te hê soos hulleself, want dit is die Here se opdrag aan hulle.

Lukas vertel van die profeet Agabus se profesie oor die hongersnood wat oor die hele wêreld sou kom. Omdat Lukas die boek Handeling 13 'n klompie jare later eers volledig neergeskryf het, het die Heilige Gees hom gelei om ook op te merk dat hierdie hongersnood wat geprofeeteer is inderdaad oor die hele wêreld gekom het. Hy gee nog die datum wanneer dit gebeur het – dit was in die dae onder keiser Claudius.

Maar let nou op wat het hierdie dissipels in Antiochië gedoen. Die hongersnood was nog nie daar nie, maar hulle weet watter swarigheid hongersnood meebring. En sommige van die Joodse gelowiges in Antiochië weet van hulle broers en susters in Jerusalem. Sommige van hulle het destyds uit liefde vir die Here hulle eiendom verkoop sodat ander gelowiges in Jerusalem versorg kon word. As die hongersnood dan nou kom, soos die Here hulle waar-sku, gaan daardie broers en susters bitter swaarkry.

Daarom het die dissipels in Antiochië besluit dat elkeen na sy vermoë iets sou gee wat hulle tot versorging van die broers in Jerusalem kan stuur. En nou is dit nie net die Joodse gelowiges wat dit gedoen het nie, maar al die dissipels in Antiochië – ook dié wat vroeër heidene was en nie eers die broers en susters in Jerusalem ken nie. Dit was nie net praatjies nie. Hulle het dit gedoen en die offer deur Barnabas en Paulus aan die ouderlinge in Jerusalem gestuur.

Uit hierdie berig sien ons dat hierdie dissipels in Antiochië hulleself as lewende dankoffers aan die Here toegewy het. Dit was vir hulle belangrik om die Here te gehoorsaam wanneer Hy sê dat hulle hulle naaste moet liefhê. En hulle het hulle broers en susters in Jerusalem werklik liefgehad. Hulle het nie gewag dat die apostels hulle moes aanspoor om iets te doen nie. Hulle het nie gewag om te hoor of daar regtig nood in Jerusalem was nie. Omdat hulle die Here liefhet, het hulle dadelik op die waarskuwing van die Here gereageer en voorsorg getref dat die nood hulle geloofsgenote in Jerusalem nie so erg tref nie. Hulle het vroegtydig voorsien vir die hongersnood wat op pad was. Hierdie dissipels was dus priesters in diens van die Here, want hulle harte is aangeraak deur die nood wat hulle geloofsgenote gaan tref, en hulle het betyds iets daaraan gedoen.

Die dissipels in Antiochië se liefde vir die Here het veroorsaak dat hulle onophoudelik onder mekaar van Christus gepraat het. Daarom is dit te verstane dat hulle die naam Christene gekry het. Maar die dissipels het nie net onder mekaar oor Christus en sy leer gepraat nie. Hulle het dit ook met die wat nog buitekant die geloofskring was gepraat. Hulle het vertel van die groot genade wat God in Christus aan die mensdom geskenk het.

Toe gebeur dit op 'n dag dat hulle besig was om die Here te dien en te vas dat die Heilige Gees dit baie duidelik aan die gemeente gemaak het:

**Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het.** (Handeling 13:2b AFR53)

Hoe geliefd en kosbaar Barnabas en Paulus ook vir die dissipels in Antiochië was, hulle het nie toegelaat dat hulle gevoelens maak dat hulle die Heilige Gees weerstaan het nie. Hulle het hulle neergelê by die opdrag van die Heilige Gees. Die Here het immers nog by Paulus se bekering hom afgesonder om die evangelie van Christus aan die nasies te bring. Barnabas het ook geweet van hierdie opdrag wat die Here vir Paulus gegee het, want hy het nog vir Paulus aan die apostels in Jerusalem voorgestel.

Toe hierdie opdrag van die Heilige Gees kom, het die dissipels gevas en gebid en vir Paulus en Barnabas die hande opgelê en hulle laat gaan na waar die Gees hulle gelei het. Die dissipels was profete in diens van Christus. Hulle het sy Naam openlik bely en verkondig aan die mense wat die Here van waar in die wêreld ook al op die handelsroetes na Antiochië gebring het. Maar daar het hulle nie opgehou nie. Indirek het hulle hul profetiese werk ge-doen deur nie vir Barnabas en Paulus vir hulleself op te eis nie. Die Here Jesus Christus se Naam moet uitgaan na al die ander nasies. Daarom het hulle op bevel van die Heilige Gees die apostels laat gaan. Die Here het reeds ander bedienaars van die Woord aan hulle voor-sien – Simeon, Lucius en Manaen.

Terwyl die Heilige Gees vir Paulus en Barnabas op die eerste sendingreis gebruik, het die dissipels in Antiochië hulle voortdurend aan die Here opgedra en sy seën oor hulle afgebid. En watter groot vreugde was dit vir hulle toe hulle na twee jaar by Paulus en Barnabas self kon verneem hoe die Here die deur van die geloof vir die heidene oopgemaak het.

Die dissipels in Antiochië het die naam waarmee ander mense hulle benoem het met groot waardigheid gedra. Hulle het as konings, priesters en profete in diens van Christus geleef, want hulle het deel gehad aan die salwing met die Heilige Gees wat op hulle Here gekom het. Broers, susters en kinders, ons bely dat ons ook Christene is. En die jong lidmate wat vanaand hulle geloof openlik bely, bely hier voor die Here dat hulle draers van Christus se Naam is.

Ons kan die naam Christen nie vir onself toeëien omdat dit 'n mooi naam is nie. Ons kan ook nie Christen wil heet omdat dit nog fatsoenlik in ons samelewing is nie. 'n Mens kan die naam Christen alleenlik hê omdat jy regtig deur Christus verlos is en die Heilige Gees jou daarvan oortuig het. Hierdie oortuiging bly dan nie maar net woorde wat gesê word hier binne die mure van 'n kerkgebou nie. Hierdie oortuiging word uitgeleef in die wêreld daar buite waar Christus nie erken word nie en baie maal gespot en gelaster word.

Mag die Heilige Gees elkeen van ons se lewens so beheers dat ons lewens na buite ook gaan veroorsaak dat ander mense ons Christene noem en nie omdat ons vir hulle gesê het ons is Christene nie.

**Amen!**

Gebed

Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof

Psalm 134:4 (p. 653)

- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!  
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Slotpsalm 119:4, 5 (p. 586)

- 4 Hoe sal in sy jeug die jong'ling, / gou deur ydelheid bekoor,  
rein kan wandel in sy weë?... / As hy wandel in u spoor!  
U soek ek van ganser harte / HEER, hou U my hande vas,  
dat ek van u spoor nie dwaal nie / en die kwaad my nie verras.
- 5 Daarom sluit ek al u woorde / in my hart sorgvuldig in,  
dat ek nie teen U sou sondig / en te minder U bemin.  
HEER, my God, U is lofwaardig! / Leer my tog u regte wel.  
Met my lippe<sup>o</sup>t ek die wysheid / van u wet alom vertel.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
18 Februarie 2018